



## Huiskerk

Quellerina  
Gemeente

### Spreuke 11:25

**Om iemand anders iets te gun is om te glo dat God genoeg gee om in almal se behoeftes te voorsien. Daar is genoeg water vir almal se dors.**

**Die legendariese Howard Hughes, wie se lewensverhaal in The Aviator vertel word, sê van Juan Trippe, die grootkop van die Amerikaanse lugredery Pan-Am: "Hy besit Pan-Am. Hy besit die Amerikaanse kongres. Hy besit die Civil Aeronautics Board. Maar hy besit nie die hemelruim nie."**

**Hiermee wil Howard vir ons sê dat die lewe groot genoeg is vir almal om hulle drome uit te leef. En niemand mag jou boelie om anders daarvoor te voel nie.**

## The Aviator

**Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.**

**Hoe pas hierdie by jou lewe in?**

**Hoe pas hierdie in jou kind se lewe?**

**Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?**

**Die wat ander niks gun nie, glo dat die lewe in 'n beperkte hoeveelheid stukkies gesny is en dat jy moet gryp wat jy kan voordat alles opgeraap word. Dit is egter om God te verklaar tot 'n "hulpelose" wat nie vir al sy kinders kan voorsien nie.**

**(Bybel 24/7)**